

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

11 Julie 2021



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikant

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com

Kontakpersone & Inligting **Pastorale berader:**

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Hulppredikante:

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Koster en PowerPoints:

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Jubila-voorsitter:

Estmia van der Walt – 078 625 7400
estmia.hm@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkkassies:

Stephan Oosthuizen –
084 350 1569

**Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:**

Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

Erediens preke en oordenkings:

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Bankbesonderhede:**

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van

Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:

<https://npwepener.wixsite.com/website>





Joint Service

Rev Noah Kim

Scripture Reading: John 3:16

Theme: Our "hearts may be encouraged, being knit together in love, to reach all the riches of full assurance of understanding and the knowledge of God's mystery, which is Christ, in whom are hidden all the treasures of wisdom and knowledge."



[Live streaming](#)

Aanddiens

Ds Brahm Robinson

Skriflesing: 1 Johannes 5:1-13

Tema: God gee vir my absolute sekerheid oor die ewige lewe



[Uitsending](#)




gedagte vir die week

Bedreig gevaar jou reispad ooit –
Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed.
Hy, Is'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer,
jou skadu en beskermer.

Psalm 121:2 (Totius)

CACHET

Lief en Leed:




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollekte en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

Oggend 1ste kollekte:
Emeritaatsversorging

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Emeritaatsversorging
(deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

Aand 2de kollekte:
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid
(deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:



<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

11 Julie Lolita Benson

15 Julie PJ Smit

15 Julie Danté Stephenson

*Wees ons, o HEER, wees ons genadig
en seën ons by owerloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig
ons koester met sy liefdegloed; ...
Psalm 67:1a*



Administratief



1. Attestaat vertrek

- Esmarie van Heerden na *GK Diamantvallei*

2. Gedenkblad

Cachet se gedenkblad om ons 50ste bestaansjaar te vier is beskikbaar teen R100 per eksemplaar. Kontak asseblief vir Lulu vir bestellings.



Fondsinsameling: Cachet Bouprojek

Liewe gemeente,

Ons wil graag ons GS klaar bou deur die gedeelte agter die preekstoel uit te breek. Die spasio sal sodonde verdubbel word. Dit behoort ongeveer R350 000 te kos. Hoewel dit na baie klink, vertaal dit na R200 per lidmaat per maand vir die volgende vyf maande. (Moet asseblief nie dat dit jou bydraes afskeep nie.)

Ons vra elke lidmaat om ons asseblief hierin te ondersteun. As elkeen sy deeltjie doen is dit eenvoudig. Ons besef dat dit nie altyd moontlik is vir studente nie, maar vra daarom asseblief vir die oom of tannie wat altyd graag help. Hulle kan gerus ook meer gee, aangesien ons ook nog die binnekant moet afrond waarvoor daar nog nie begroot is nie.


Die rekening vir die boufonds is die volgende:

Filadelphia

ABSA Tjekrekening

679230085

Tak 632005





GEREFORMEERDE KERK CACHET

50

JAAR GEDENKBLAD

Bestel teen R100.00

079 494 7360 of admin@gkcachet.org.za

Opsoek na 'n woonstelmaat!

Ek is tans besig met my Meesters in Tale en is opsoek na 'n woonstelmaat, in Potchefstroom, vir die res van 2021. Verkieslik 'n student/werkende dame. Dus iemand rustig, aangesien ek die meerderheid van die dag vanaf die huis af moet werk.

Verder ook iemand wat nie allergies vir katte is nie - ek het 'n baie wollerige gemmerkat wat saam in die woonstel bly :)

Dit is 'n 2 slaapkamerwoonstel, met 2 badkamers, 'n klein stoep en sitkamer. Baie goeie sekuriteit - kompleks met 2 sekuriteitshekke, en veiligheidskamas. +- 2.3km vanaf die naaste NWU kampushek.

Huur beloop R3250 per maand, sonder water of krag.

Wifi ook beskikbaar teen 'n addisionele koste.

**Verwysings welkom.
Vir meer inligting, kontak my,
Suzilna Wepener, by 079 377 7697.**

Kruispad e-tydskrif

GKSA Jeug



“Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar;
bewys eerbied teenoor mekaar
en wees mekaar daarin tot voorbeeld.”

ROMEINE 12:10

 **KRUISPAD**
e-tydskrif

maandeliks
gratis
gereformeerd

"No man is an island" is 'n welbekende frase. Dit is in 1624 geskryf as deel van 'n gedig deur John Donne (1572-1631) en is nou 'n aanvaarde spreekwoord. Dit is 'n baie lang tyd vir 'n frase om te oorleef, en mens kan net reken dat dit is omdat daar soveel waarheid daarin steek.

Ons verhouding met God moet altyd eerste geplaas word, maar naas dit het ons ook ons naaste nodig. In die Bybel kry ons baie, baie teksverse wat vertel oor ons naaste, oor vriende, oor medegelowiges, en selfs oor ons vyande. Dit is so belangrik dat ons verhoudings moet hê. Dink sommer net aan Genesis waar die Here God, nadat Hy vir Adam geskape het, gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie." Die Bybel beklemtoon vir ons dat ons mekaar nodig het: om mekaar te versterk, op mekaar te vertrou en mekaar aan te spoor in liefde.

Ons onmiddellike omgewing bestaan uit verskillende verhoudings. Van ons geboorte af begin ons verhoudings met ons ouers en ons familie, voor dit uitbrei tot vriende en ander geliefdes. In 'n **vorige Kruispad e-tydskrif** het ons gekyk na naasteliefde en hoe ons verhouding met ons naaste moet lyk. **Hierdie maand** kyk ons in kort na die verhoudings wat nóg nader aan die hart lê: Ons verhoudings met vriende en liefdesverhoudings. Op ons **webwerf** is nog meer **artikels oor verhoudings**. Soos altyd is jy welkom om nog vrae of gedagtes met ons te deel, deur 'n **e-pos te stuur**.

Tot volgende maand,
Die Kruispad-redaksie

Ons verhoudings met vriende en geliefdes



Weet jy hoe 'n goeie vriendskap lyk?

Vriende is 'n groot gawe in ons lewens. Dis egter belangrik dat ons moet weet watter eienskappe 'n goeie vriend maak en hoe om 'n toksiese vriendskap raak te sien. [Lees die artikel hier.](#)



Die liefde van 'n goeie vriendskap

In sy genade gee die Here vir ons ware vriende, vriende wat nader as 'n familielid kan wees. [Leer meer](#) oor die liefde van 'n hegte vriendskap.




[Apologetiek is regtig vir almal bedoel!](#)

Apologetiek is vandag meer belangrik as ooit tevore. Ons word amper daaglik gekonfronteer met mense en idees wat ons geloof aanval. Ons lewe in 'n tyd en in 'n kultuur wat al meer skepties en aanvallend raak teenoor die Christelike geloof. Ons glo dat ons geloof sin maak. Maar in vandag se tyd is dit nie altyd so maklik om dit te bewys nie. Apologetiek kan breedweg gedefinieer word as om 'n antwoord te gee op belangrike vrae rakende ons Christelike geloof. Hier by **Apologetiek vir Almal** wil ons juis dit probeer doen. Skakel saam met ons in en raak deel van die belangrike gesprekke rakende ons geloof.

Kontak ons by apologetiekviralmaal@gmail.com en raak deel van ons Facebook groep vir interessante gesprekke. Lewer asb. kommentaar en gee onderwerpe wat julle graag sal wil bespreek.

Geopende Deure **NUUSBRIEF**

Geopende Deure Suider-Afrika – 50 jaar diens aan die vervolgte Kerk



Gedagtes van 'n vennoot in Indië, bl. 2 • Preetha en Vinita se storie van oorlewing, bl. 3
Veerkragtig te midde van die duisternis, bl. 4-5 • Die voorreg om met Jesus te kan praat, bl. 6
Skryf vir ons familie in Indië, bl. 7 • Ontmoet ons nuwe uitvoerende direkteur, bl. 8

[Klik hier om jou Julie/Augustus eNuusbrief af te laai](#)

GK Cachet Kalender: Julie 2021



Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
27 Jun.	28	29	30	1 Jul.	2	3
4	5	6	7	8	9 Reses	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20 Koffiekroeg	21	22	23	24
25	26 F&E vergadering	27	28	29 Klasse begin	30	31

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die **Kerkblad**

Julie 2021

En daar was lig!

**Die Psalms in die
2020-Bybelvertaling**

www.gksa.org.za



Inhoud

Julie 2021



JAARGANG 122, NO. 3358
Julie 2021

- | | | | | | | | |
|---|--|-------|--|---|-------------------------|----|----------------|
| 1 | VAN DIE REDAKTEUR
Seënstrome uit die hemel | FOKUS | 8 | Wees soos kindertjies in God se koninkryk | IN DANKBARE HERINNERING | 16 | Ds. CS Grobler |
| 4 | UIT DIE WOORD
En daar was lig! | 10 | Die Psalms in die 2020-vertaling van die Bybel | 18 | BRIEWE VAN ONS LESERS | | |
| 6 | REDAKSIONEEL
Die rykdom en relevansie van ons belydenis aangaande God | 13 | Die uniekheid van die Khoesantale | 20 | Lief en Leed | | |
| | | | | 21 | Kerklike administrasie | | |
| | | | | 22 | Kleinadvertensies | | |

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld

(doen navraag by die Administratiewe Buro)

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Seënstrome uit die hemel



Ons leef sedert Pinkster in besonder in die tyd van die Heilige Gees. Pinkster was die laaste groot gebeurtenis wat op God se kalender plaasgevind het, ná die geboorte, die kruisiging, die opstanding en die hemelvaart van Christus. Dit beteken dat alles wat in hierdie tyd gebeur, deur die Pinkstergebeurtenis beheers word. Dit het betekenis vir die wêreld.

Ons lees in Johannes 16 dat Christus sê die Heilige Gees sal die wêreld oortuig van sonde en geregtigheid en oordeel. Dit het betekenis vir die kerk. Ons kan ons die kerk nie voorstel sonder die Heilige Gees nie. Hy is in die midde van die kerk uitgestort. Die kerk is in besonder die werkplek van die Heilige Gees. Ons kan sê die kerk is die skepping van die Gees.

En dan het Pinkster betekenis vir elkeen van ons.. God die Heilige Gees is aan my gegee. Hy, wat Self God is saam met die Vader en die Seun, woon in my. Hy het beheer van my lewe oorgeneem. Hy het aan my die nuwe lewe gegee.

Die oneindige rykdom van die gawe van die Gees

Ons kan oor die gawe van die Gees nooit uitgepraat, of liever uitgejubel, raak nie. Ons vind iets daarvan in Efesiërs 1. Daar sing Paulus 'n loflied oor hierdie waarheid. Die gemeente van Efese was 'n klein gemeentetjie, 'n eilandjie, 'n stippeltjie in die heidense ongelowige wêreld, beheers deur die godsdienste van die godin Diana. As Paulus aan hulle skryf, dan verwys hy nie eers daarna nie. Hy begin met 'n loflied oor die seën van God wat ons deel geword het.

Paulus sê Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. God gee op twee maniere en nooit anders nie. Hy seën ons in Christus. Dit is alleen op grond van wat Christus gedoen het dat ons geseën word. Ons was alleen die vloek van God waardig. Maar Hy het ons geseën in Christus. Sonder Hom kan ons niks doen nie. Sonder Hom is ons niks. Hy is die Bron. Toe Hy opgevaar het na die hemel, kon Hy sy Gees uitstort. Hy het die skatkamers van God se seën vir ons ontsluit.

En Hy deel dit uit deur die Heilige Gees. Geen seën kom tot ons anders as deur die werk van die Heilige Gees nie. Hy bring die seën wat Christus verwerf het en pas dit toe in ons lewe.

So het Christus Self gesê in Johannes 16:14: “Die Heilige Gees sal My verheerlik, want net wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

Seënstrome uit die hemel

Wat is dan nou die seëninge van die Gees? Paulus begin vers 4 (NAB) met die woordjie “so”. En dan volg in die oorspronklike taal een ononderbroke sin van 202 woorde tot by vers 14. Dit trek alles saam in vier dinge.

In die eerste plek sê hy God het ons in Christus uitverkies nog voordat die wêreld geskep is. Daar het ons seën begin. In die ewigheid het God my uitverkies, my by my naam genoem as een van die mense wat Hy wil seën met al die seëninge van die Gees.

Van die redakteur

Die tweede seën wat direk met die uitverkiesing verbind is, is die feit dat ons kinders van God geword het. Paulus sê dit so pragtig: "In sy liefde het God ons, volgens sy genadige beskikking ... daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees" (vs 5). 'n Mens is nie vanself kind van God nie. Van nature is ons kinders van Satan en van die hel.

God kon ons eenvoudig net daar gelos het. Maar Hy het nie. Waarom nie? Wat het Hom gedring om van ons, vuil, sondige, afskuwelike mense, sy kinders te maak? Twee woorde gee die antwoord. Die eerste is dat Hy dit "in sy liefde" gedoen het, en die tweede dat Hy ons volgens sy genadige beskikking daarvoor bestem het om sy kinders te word.

Liefde en genade. Dit is die antwoord. As dit nie vir God se liefde en genade was nie, kon ons nooit

God se kinders geword het nie. As dit nie daarvoor was nie, dan het Christus nie na die wêreld gekom nie (vgl. Joh. 3:16).

Dit bring ons by die derde seën. Paulus sê in vers 7 ons is deur die bloed van sy Seun verlos en ons oortredinge is vergewe. Ons was slawe en ons was die ewige dood skuldig. Ons was onder die heerskappy van die duivel en belaaï met skuld. Maar Christus het ons verlos deur sy bloed. Hy het ons vrygekoop van die vloek van die sonde.

En ons ontvang dit alles in die kerk. Dit is die vierde seën wat Paulus noem. Hy sê dit twee keer: "Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het." Om deel te wees van die volk, die kerk van God, is 'n hemelse seën. So alleen kry ons deel aan Christus. Hy is die Hoof en sy kerk sy liggaam. So laat die

Heilige Gees ons groei en gedy as God se kinders, as Christus se liggaam, sy bruid, sy kudde.

Is dit nie wonderlik om so geseën te wees nie, uit die hemel waar Christus is, deur die Heilige Gees: uitverkies, God se kinders, verlos en vergewe, deel van die volk van God. En asof dit nie genoeg is nie, kom hy later in die brief by ons lewe van elke dag. Die hemelse seëninge werk deur. Hy praat van ons arbeidsverhoudinge, van ons gesinne, ouers en kinders. So leef ons onder die seënstrome uit die hemel. Ons lewe is uitgelig uit die sleurgang, die moeite, die sorg, die doodsheid van die sonde. Ons lewe is in die wêreld, maar ook in die hemel.

Besef ons nog elke dag die ont-saglike rykdom van God se genade aan ons? Dan moet ons so totaal anders leef as die ongelowiges in die wêreld. ^{CFCC}

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u van harte bedank vir u volgehoute steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang, soos wat ons in die vorige uitgawe versoek het. Ons oorweeg om mettertyd al hoe minder van die Poskantoor gebruik te maak, in die lig van swak diens wat dikwels ervaar word, maar ook om koste te bespaar. Die Redaksie oorweeg om mettertyd oor te skakel na groepsintekening, waar *Die Kerkblad* dan per koerier by elke gemeente afgelewer word.

Hierdie verspreidingsmetode kan egter alleen werk as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u 'n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente is nie.
- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

U kan die inligting per e-pos stuur na: kerkblad@gksa.co.za

Baie dankie vir u hulp, asook u volgehoute voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwickelinge.

Hartlike groete, die Redaksie



V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae

Elandstraat 12, Koedoespoort

E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!

Sedert 1946 in die Drukkersbedryf

Frekwensie 104.2
DStv-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf
in Afrikaans

WÊRELDWYD

Sondag luistergenot - 06H00 tot 24H00 | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus

En daar was lig!

Lees: Genesis 1:1-5, 31

Teks: Genesis 1:3

Die evangelie begin reeds op die heel eerste bladsy in die Bybel: “En daar was lig.” Soos ’n jubelkreet breek dit deur: “En daar was lig.” Lig is immers die eerste voorwaarde vir lewe op aarde – sonder lig kan daar nie lewe wees nie.

Dis God wat hier skeppend en ook lewendmakend besig is met ons wêreld. Alles verloop volgens sy vooropgesette skeppingsplan. Eers het God lig geskep – en daarna lewe.

Wat is lewe? Ons weet nie regtig nie. Die skepping is ’n wonder waarvoor jy maar net verstom kan staan. As die Here skep, buig ons in lofprysing en aanbidding en verwondering voor Hom neer.

Dit is ook die doel van die skrywer hier in Genesis 1. Om ons die grootheid, die almag, en die heerlijkheid van die Here te laat sien.

God begin met die skepping deur heel eerste lig te skep. Ons sien reeds in hierdie woordjie iets van die genade, die liefde en die goedheid van die Here. Want die meeste mense is bang vir die donker. Nie net kinders nie – ook grootmense. Ons voel bang en verlore in die donker. Asof daar in die donker vreemde, gevaarlike dreigende magte aan die werk is, magte waarteenoor jy as mens magtelos staan.

Dit is hierdie selfde huiwering wat ons ook in Genesis 1 hoor as die skrywer die toestand van die aarde beskryf voordat God die lig geskep het. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar. Woes en leeg, staan daar in die 1953-vertaling. Dit maak jou bang. Nie alleen was alles stikdonker, sonder lewe en totaal onbewoonbaar nie. Ons lees ook van die diep waters wat die hele aarde bedek het. ’n Watermassa oor die hele aarde. Hier kan niks en niemand lewe nie, want op hierdie onmeetlike oseaan is dit piknag-donker. So het die wêreld gelyk voordat God lig begin skep het.

Dit is asof mens hier iets van die hel beleef as jy lees van die onmeetlike eensaamheid en totale verlatenheid van ’n donker wêreld sonder God. Ons kan nie help om hier onwillekeurig aan die donkerte en totale verlatenheid van ons Here Jesus Christus aan die kruis op Golgota te dink nie. Eers het die donkerte gekom van twaalfuur tot drie-uur en teen drie-uur het Hy in doodsangs uitgeroep: “My God, My God, waarom het U my verlaat?” (Matt. 27:46).

Donkerte. Godverlatenheid. Dit is die hel. Dit is die atmosfeer ook hier in Genesis 1:2 – “Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters ...” Hier word jy gekonfronteer met die ontsaglike groot leegte van alles, ’n wêreld sonder sin of betekenis. ’n Wêreld sonder lig. ’n Wêreld vasgevang in die greep van duisternis, chaos, wanorde, vrees. Niks beweeg nie – niks verander nie – niks groei nie – niks lewe nie.

Maar in vers 2 hoor ons ook die voorspel wat sou uitloop op die jubel-

lende juigklanke van vers 3. Ons lees in vers 2: “Maar die Gees van God het oor die waters gesweef ...” Ons lees hier van ’n God wat in sy genade, in sy liefde, in sy volle blye skeppingsdrang diep neerbuig oor hierdie chaotiese aarde. Die Gees van God wat heen en weer oor die waters sweef, soos ’n arend oor haar kleintjies. Sweef: dit is die eerste beweging wat ons in hierdie ongeordende, vormlose, donker massa gewaar.

So vorm vers 2, waar ons die eerste beweging bespeur, die inleiding tot vers 3 – die Woord wat God nou gaan spreek. In vers 3 is dit God – die God wat met ’n kleed van lig omhul is – die God wat in die lig woon – die God wat sy lig in die donker laat uitstraal – wat deur sy Woord begin om te skep en te sê: “Laat daar lig wees.”

En toe gebeur dit: “En daar was lig.” Die eerste skeppingsoomblik het aangebreek. Een oomblik, niks – net die donkerte. Die volgende oomblik, toe is daar skielik lig. Asof ’n onsigbare hand ’n skakelaar aangesit het, wat die hele skepping skielik verlig het. En daar was lig! In hierdie heel eerste skeppingswoorde hoor ons die oorwinning van God se lig oor die onheilspellende, donker, duister, chaotiese oermagte. En daar was lig.

Soos op daardie Paasmôre, toe die engel die swaar klip voor Jesus se graf wegrol, sodat die heerlike strale van die vroeë oggend die donker graf opeens verlig en die lewende, opgestane Christus stralend, majestueus en heerlik uit die donker graf na buite toe uitkom, na die lewe toe: “En daar was lig!”

So weerklink hierdie eerste skeppingswoord van die Here magtig en triomferend deur die donker nag van die donker diep onheilswaters. En oombliklik breek die oorwinning deur: “En daar was lig!”

Dit is wat gebeur as God Hom vol liefde en ontferming diep oor hierdie wêreld neerbuig. Sodat die donker magte van duisternis, chaos, leegheid en sinloosheid moet wyk voor die mag van God se onweerstaanbare lewewekkende lig.

Dit laat ook alle angs en vrees uit ons hart verdwyn, as die lig skielik warm, weldadig, liefdevol en vriendelik om ons skyn. Dan kry die lewe nuwe klank en kleur, nuwe diepte en sin, nuwe skoonheid en prag.

Alles begin met die lig: lewe, sigbaarheid, kleure, grense, kontoere, helderheid. So ervaar mens die liefdevolle nabyheid van die Here hier by jou, om jou, langs jou en in jou ... Wie jy ook al is en hoe vol spanning en onsekerheid jou lewe ook al is:

- as jy bang is vir die lewe
- bang is vir die leegheid
- bang is vir die sinloosheid
- bang is vir die eensaamheid
- bang is vir die toekoms
- bang is vir misdadig en geweld wat ons land teister

- bang is vir die veiligheid van jou dierbares
- bang is vir siekte, ouderdom en aftakeling
- bang is vir die dood.

En daar was lig! Dit is die lig van God, Jesus Christus, wat na hierdie aarde toe gekom het, om al die donkerte vir altyd uit ons lewe weg te neem. Hy wat self in Johannes 8:12 vir ons sê: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal lig hê wat lewe gee.”

Hier kry ons weer die wonderlike volgorde: eers lig, dan lewe. Lig en lewe wat saambundel in ons Here Jesus Christus, die Woord wat in die begin daar was en deur Wie God alles geskape het.

As gelowiges in Jesus Christus kan ons vol vertrou die toekoms tegemoet gaan. Want ons het ’n God wat deur sy Gees oor ons lewe gesweef het. Wat lig en lewe gegee het. ’n God wat ook gesien het hoe troosteloos, redde-loos verlore ons lewe eenmaal was. ’n God wat in Jesus Christus met ons gepraat het. Die God wat gesê het: “Laat daar lig wees!”

Hy belowe dat in Christus daar altyd vir ons lig sal wees. Nooit weer donker nie. In die nuwe Jerusalem sal dit nooit donker wees nie, want ons lees in Openbaring 21:23: “Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.”

Ons is in Jesus Christus op pad na hierdie ewige lig. In u lig sien ons die lig! (Ps. 36:10). ^{DK}

Die rykdom en relevansie van ons belydenis aangaande God

Ek het onlangs 'n afspraak gehad met 'n nierspesialis (nefroloog). Hy is 'n Chinees en waarskynlik 'n Boeddhis. Ek het die afleiding gemaak omdat daar in sy ontvangslokaal 'n Boeddhabeeldjie op die toonbank staan. Dit word seker elke oggend afgestof en dalk rondgeskuif.

In Japan kan jy in 'n tempel van die Taoïsme of Hindoeïsme ensovoorts, ingaan om te bid. Maar by die ingang moet jy eers 'n klok lui om die god wakker te maak tot wie jy wil bid.

Die getal ateïste in die wêreld word al hoe groter. Ateïsme is niks anders nie as 'n godsdiens sonder God of teen God. Calvyn (Inst. 1.3.2) sê die mense wat beweer dat God nie bestaan nie, voel van tyd tot tyd wat hulle liever nie wil weet nie. "... die brutaalste veragters van God is juis die mense wat die meeste deur die geluid van 'n vallende blaar ontstel word".

Bygeloof en afgodery floreer in ons midde, in Afrika en die wêreld. Die voorbeelde kan vermenigvuldig word.

Ons belydenis aangaande God

Dit is teen hierdie agtergrond dat die vraag na vore kom of ons nog elke dag besef hoe groot die genade van God is dat ons Hom mag ken as die enige ware God.

Wat in die inleiding hierbo gesê is, bevestig die waarheid dat geen mens sonder godsdiens is of kan leef nie, selfs die mees beskaafde en ontwikkelde volke, op die voorpunt van die wetenskap en tegnologie. Elke mens dra die saad van godsdiens in hom/haar.

Met die skepping van die mens was daar 'n volmaakte verhouding tussen God en die mens (vgl. v/a 6, HK). Maar deur die sondeval is die mens van God vervreem en is die beeld van God in die mens "gru-

welik geskend" (Calvyn). Die mens is verduister in sy verstand en totaal verdorwe tot in sy diepste wese.

Daarom kan geen mens uit homself God ken en in 'n verhouding met Hom leef nie. God moet Homself bekendmaak en in 'n verbond met die mens tree.

Dit het Hy gedoen toe Hy ná die sondeval die mens en die res van die skepping nie laat vaar en aan hulle lot oorgelaat het nie. Hy het Adam en Eva opgesoek en aan hulle die eerste belofte van verlossing en herskepping gegee in Genesis 3:15. Hy het 'n verbond gesluit met Noag en Abraham en Israel – en ons.

Dit is die onbeskryflike en onverdiende wonder van

God se genade aan ons. Daar is nie woorde om dit te beskryf nie. En nou mag ons Hom bely en in die verbondsverhouding met Hom leef. In Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stamel ons ons geloof in Hom uit:

“Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar ’n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.”

Onbegryplik en onsienlik

God is ten diepste onbegryplik en onsienlik (Joh. 1:18). Hy woon in die ontoeganklike lig. Van ons kant kan ons Hom nie bereik nie. Die oneindige afstand wat ons van Hom skei, kan nie deur ons denke of gevoel of wil oorbrug word nie.

Die teoloog prof. Jan Du Rand het geskryf: “Om oor God na te dink, is opwindend. Maar dit is gepas om dikwels as ’n mens sprakeloos voor die misterie van God te staan.”

Só klein en nietig en magteloos staan ons as mense voor die onbegryplike en onsienlike God. Niemand kan ons ooit tot kennis van God bring nie, behalwe Een: Jesus Christus. Hy is meer as elke mens. Hy is die eniggebore Seun van God. Dit beteken Hy is Self God. In Johannes 1 word Hy verkondig as die Woord wat by God was en Self God is. Hy is in die boesem van die Vader (vs 18, OAV). Dit beteken Hy is een in Wese met die Vader.

Daarom is Christus die enigste wat God kan verklaar (Joh. 1:18). Die Griekse woord wat hier gebruik word, het ook die betekenis om ’n misterie te openbaar.

En in Johannes 1:14 staan die bekende woorde: “Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die eniggeborene wat van die Vader kom, vol van genade en waarheid” (vgl. ook vs 17).

Sy genade en sy waarheid kan gesien word. Genade is die vergewende liefde van God teenoor verlore sondaars. En die woord waarheid wys daarop dat die openbaring van God in Jesus Christus ten volle gegee is. God soos Hy in der waarheid is.

Alles trek saam in Jesus Christus. Wie Hom gesien het, het die Vader gesien. Nêrens sien ons dit duideliker as aan die kruis nie, die heerlikheid van God, die hart van ’n barmhartige Vader, wat sy eniggebore Seun oorgee aan kruis en helse smart, omdat Hy ons liefhet.

Relevansie

Ons moet baie meer erns maak met die verkondiging van God as die onbegryplike en onsienlike God, die Een by Wie geen mens kan uitkom buite Christus nie. Dan sal God weer meer word en die mens minder.

Ons moet baie meer erns maak met die verkondiging van die enigheid en uniekheid van Christus. Hy is nie maar een van baie verlossers nie. Hy is die enigste Verlosser.

Ons moet baie meer erns maak met sy openbaring en nie met ons eie ervaringe of verdorwe insigte nie. Hoe meer die Christelike geloof gelykgestel word met alle ander gelowe, hoe meer die sogenaamde waarheidselemente van alle godsdienste beklemtoon en saamgevoeg word, hoe meer aan valse ideologieë en godsdienste ’n oop platform gebied word, hoe meer die openbaring van God gedegradeer en geïgnoreer word, hoe meer word God versluier en hoe verder sak die wêreld weg in die nag van sondeverlorenheid. ^{CFCC}

LICORNA BEACH

UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS

Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban. Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.

SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974

LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za
<http://licorna.co.za>

Wees soos kindertjies in God se koninkryk

Die gedagte van God se koninkryk is 'n sentrale tema in die Bybel. Die Ou sowel as die Nuwe Testament getuig telkens van God se heerskappy oor die volle werklikheid.

In die Nuwe Testament is God se koninkryk só prominent dat selfs die dissipels by Jesus wou weet wie die grootste in die koninkryk van die hemele is. Hierop het Jesus 'n kindjie nader geroep en hulle geantwoord: "As julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!" (Matt. 18:3).

Vandag nog maak ware gelowiges groot erns met die koninkryk van God. Die hartseer is egter dat moderne humanisme Jesus se woorde gebruik om 'n sogenaamde "kinder-teologie" te skep wat die fokus van Christus se verlossing na die mens toe verskuif.

In so 'n teologie word kinders in die sentrum gestel en bestudeer om as basis te dien vir die wyse waarop Christene by kinders kan leer hoe om God se koninkryk te beërwe.

Voordat gekyk word na hoe gelo-

wiges moet verander om soos kindertjies in God se koninkryk te word, word daar vanuit die Matteus-Evangelie gefokus op die verhouding tussen koninkryk en kerk in die wêreld.

Koninkryk in die wêreld

Ná die oorgang vanaf die Ou Testament na die Nuwe van ongeveer 400 jaar se stilte in afwagting op die koms van die koninkryk, verskyn Johannes die Doper met die boodskap: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 3:2). As wegbereider het Johannes die koms van Christus verkondig (Matt. 3:11). Hoewel Christus nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 8:23; 18:36), het God se koninkryk deur sy koms in die wêreld ingekom.

Christus het dieselfde boodskap as Johannes gebring (vgl. Matt. 4:17, 23; 9:35). In sy prediking oor die koninkryk stel Jesus God se koninkryk in 'n sekere verhouding met God se Wet en sy geregtigheid (vgl. Matt. 5:19-20).

Vir sy dissipels gee Hy die opdrag: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid" (Matt. 6:33) en waarsku Hy later: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matt. 7:21).

Christus het gekom om al God se uitverkorenes los te koop van hierdie bese wêreld sodat hulle in sy koninkryk hier op aarde werksaam kan wees – "Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur" (Joh. 17:18). En Hy stuur hulle met die boodskap: "Gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 10:7).

Die kerk in die koninkryk

Aan sy kerk gee Jesus die opdrag wanneer Hy sê: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:18-19).

Die roeping van die kerk is dus om in hierdie wêreld diensbaar te wees deur alles van die koninkryk van God aan almal te verkondig.

In hierdie verband is kerk die gelowiges wat Christus vir Homself losgekoop het om plaaslik en oor alle plekke en tye by 'n (kerk)gebou te vergader. Hulle is deur Hom geheilig om heilig te lewe en kan nie ware kerk wees sonder die Here van die koninkryk en kerk nie (vgl. Kol. 1:15). Hulle is die volk van God, die uitverkorenes, die heiliges, die tempel van die Heilige Gees, die bruid van Christus, of ook die liggaam van Christus.

Tog is God se kerk nie gelyk aan sy koninkryk nie en word koninkryk nie beperk tot daár waar die kerk is nie. In God se koninkryk is kerk uitsluitlik kerklik en is dit oral waar God se wil op 'n plek vergestalt word en triomfeer, terwyl God se koninkryk by die verskillende fasette van die Christelike lewe in die samelewing sigbaar is.

Kindertjies in die koninkryk

In verdere antwoord op die dissipels se vraag na wie die grootste in die koninkryk is, antwoord Jesus: "Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele" (Matt. 18:4).

Die teksgedeelte sê dat gelowiges dus moet verander om soos kindertjies in God se koninkryk te word. Gelowiges moet dus nie verander om die deugde van die kind se naïwiteit aan te

neem nie, maar eerder die kinders se weerloosheid en erkenning van afhanklikheid.

Gelowiges behoort hulleself saam met Dawid in Psalm 131 te verneder met die woorde: "My hart is nie hoog en my oë nie trots nie ... soos 'n gespeende kind by sy moeder ... is my siel in my" (Ps. 131:1-2). Calvyn sê dit dui op 'n gesindheid nie van selfversekerdheid nie, maar van vrede by God.

So 'n gesindheid is slegs moontlik wanneer gelowiges besef dat alleen Christus alle eer vir ons verlossing kry. Gelowiges ontvang God se koninkryk alleen wanneer hulle soos klein weerlose kindertjies Christus en sy verlossing deur geloof aanneem, want buite Christus is daar niks wat vir God aanneemlik is nie. So afhanklik soos kindertjies kan gelowiges God in sy koninkryk dien.

In die woorde van dr. D Kempff: "Die verlose kultuur soek nooit homself nie, maar wel om te dien, tot die eer van God en vir die koms van sy koninkryk." ^{DK}



Die Psalms in die 2020-vertaling van die Bybel

Die poësie word allerweë beskou as die mees komplekse, gekonsentreerde en betekenisdigte vorm van taal. Daarom is poëtiese tekste moeilik om te vertaal en dit geld ook vir die poëtiese boeke in die Bybel, onder meer die Psalms, Hooglied, Spreuke en groot gedeeltes van die profetiese boeke.

Die boek van Psalms beklee 'n besondere en volgens sommige skrywers selfs 'n sentrale plek in die Ou Testament, omdat die basiese geloofsoortuigings en die teologiese opvattinge van Israel in die Psalms neerslag vind. Kulturele sake wat te make het met die verbond, die wet en die regstelsel, die geskiedenis, die koninklike tradisie, profesie, wysheidsopvattinge en dan natuurlik ook die literêre en poëtiese tradisie lê ten grondslag aan die inhoud en die formele literêre en talige eienskappe van die Psalms.

Daarby kom dat digters in alle tye, ook in alle tye van die geskiedenis, poëtiese tegnieke gebruik om taalelegantheid en betekenisdigtheid te bewerkstellig. Hierdie tegnieke beklemtoon die betekenis van bepaalde woorde en sinne en het soms op sigself ook betekenis. In die vertaalproses van die 2020-vertaling van die Bybel is gepoog om sowel die inhoud as die poëtiese aard en eienskappe van die Hebreeuse psalms so noukeurig as moontlik in die vertaling weer te gee. Daarom het die vertalers nie net die inhoud nie, maar ook poëtiese eienskappe van die Psalms ontleed en probeer om die beste korrelerende poëtiese formulering en struktuur in Afrikaans te vind om die betekenis van die tekste te kan weergee.

Mens kan hieroor honderde boeke volskryf, maar ek gee net enkele voorbeelde:

Die mees algemene poëtiese tegniek in die Hebreeuse psalms is *parallelismes*, waarvan daar

baie verskillende vorme is. Die basiese versreël in Hebreeuse poësie bestaan uit twee helftes wat op een of ander manier met mekaar verband hou, deur herhaling en variasie. Hierdie patrone is in die vertaling sorgvuldig gehandhaaf. Die mees algemene vorm is sinonieme parallelismes, waar die twee vershelftes oor dieselfde saak gaan of verwante woorde gebruik. Die patroon wat ontstaan, beklemtoon die saak waaroor dit gaan, byvoorbeeld in Psalm 24:2:

1. *Aan die HERE behoort die aarde
en die volheid daarvan,
die wêreld en dié wat daarin woon,*
2. *Want Hy het dit op oseane gegrond
en op strome gevestig.*

Die parallelisme kan ook antiteties of teenstellend wees, soos in Psalm 37:21:

*'n Goddelose leen
en betaal nie terug nie,
maar 'n regverdige is goedhartig
en mededeelsaam.*

In Hebreeuse poësie word daar vrylik met parallelismes geïmproviseer. Psalm 27:1 bestaan uit twee versreëls, wat elkeen 'n sintetiese (opbouwende) parallelisme bevat, terwyl die twee verse saam weer 'n sinonieme parallelisme vorm:

*Die HERE is my lig en my redding – vir wie sal ek vrees?
Die HERE is die toevlug van my lewe – vir wie sal ek skrik?*

In die Hebreeus word daar net soos in moderne poësie met sinne patrone gemaak, onder meer deur woorde weg te laat sodat die volgende sinsdeel op

die eerste inspeel. Psalm 1:1 is hiervan 'n goeie voorbeeld:

*Gelukkig is die mens wat nie die raad
van goddeloses volg,
nie op die pad van sondaars gaan staan
en nie in die byeenkoms van spotters sit nie.*

Die parallelle struktuur is duidelik. Die inleidende frase "Gelukkig is die mens" word nie herhaal nie, maar die sinspatroon word behou. Wat die vertaling verder ook noukeurig behou het, is die ontwikkeling van die verhouding wat die mens met die goddeloses het: eers volg hy die goddeloses (beweging), dan het hy nader kontak en gaan staan by hulle en uiteindelik gaan hy by hulle sit, wat beteken hy word deel van hulle.

'n Ander parallelistiese konstruksie is die chiasme, of kruisstelling. Dit kom dikwels voor en is meestal net so vertaal. Soms is dit egter nie moontlik om so 'n presiese sinspatroon in vloeiende Afrikaans weer te gee nie, en dan moet 'n ander plan gemaak word om die poëtiese elegansie te behou. 'n Voorbeeld word in Psalm 107:16 aangetref. In die Hebreeus is die patroon oorkruis in die chiasme: deure – breek; breek – sluitbalke (vgl. die letterlike Hebreeus hier-na):

תִּשְׁחַן תּוֹתֵלֵד הַבְּרִיחַ

van brons / deure /Hy het stukkend gebreek / want (woord vir woord vertaal)

want Hy het deure van brons stukkend gebreek (grammatikaal korrek vertaal)

עֲדָג לְזָרֵב יְחִירְבוּ

Hy het stukkend gekap / van yster / sluitbalke (woord vir woord vertaal)


Hy het sluitbalke van yster stukkend gekap (grammatikaal korrek vertaal)

In die vertaling is gepoog om 'n patroonmatigheid te behou deur die "Hy" nie te herhaal nie en 'n parallelisme te gebruik:

*Want Hy het deure van brons stukkend gebreek,
die sluitbalke van yster stukkend gekap.*

Dit het ook andersom gebeur, naamlik dat die woordorde in 'n parallelisme in Afrikaans nie gemaklik klink nie, en dan is daar 'n chiasme gebruik om minstens die beklemtoning in die oorspronklike konstruksie te behou. Dan is die vertaling nie tegnies heeltemal ooreenstemmend nie, maar die beklemtoning is behou en die betekenis ook.

'n Ander baie belangrike aspek van sinne in



Fokus

Hebreeuse poësie is die woordorde. Die woord wat eerste in 'n reël staan word uiteraard beklemtoon en moet behou word. In Psalm 24 staan die frase “Aan die HERE behoort” aan die begin van die eerste versreël sodat dit in die reël en in die psalm as geheel prominent is. Die frase staan eerste om te beklemtoon dat die kerngedagte in die psalm as geheel is dat alles aan God behoort. In die vertaalproses is hierdie soort sintaktiese vooropstelling deurgaans so ver as moontlik behou.

Dit was egter in baie gevalle onmoontlik om die Hebreeuse woordorde te probeer naboots, omdat die reëls vir woordorde in Afrikaans en Hebreeus sterk verskil en so 'n “Hebreeuse woordorde” in Afrikaans 'n strak vertaling sou lewer. Daar is dan net eers seker gemaak of die Hebreeuse woordorde deur die normale Hebreeuse woordgebruik bepaal is, in welke geval die Afrikaanse vertaling nie die woordorde hoef te behou nie. Die woordorde is in hierdie gevalle 'n taalkenmerk wat gewoonweg vertaal moet word.

Indien die woordorde egter in Hebreeus ongewoon is, dui die verplasing of dislokasie van die woord op 'n bewuste beklemtoning wat 'n tekstenmerk is en gehandhaaf moet word. In sulke gevalle het die 2020-vertaling die ongewone Hebreeuse woordorde absoluut gerespekteer deur óf in Afrikaans ook 'n vooropstelling téén die gewone woordorde in te gebruik (dus ook 'n poëtiese omruiling te gebruik) óf die vooropstelling op 'n ander manier weer te gee, byvoorbeeld deur so 'n woord dan aan die einde van die reël te plaas waar dit ook beklemtoon is.

Alhoewel metrum in Hebreeuse poësie 'n rol speel, is dit 'n saak wat in vertaling minder belangrik is omdat tale se metriese patrone en natuurlike ritme of ritmiese patrone eenvoudig te veel verskil. Tegnieke wat met klank verband hou, soos alliterasie en assonansie, kom ook in Hebreeuse poësie voor. Psalm 122:6 bevat 'n mooi voorbeeld van alliterasie, met die konsonante *sjin* en *lamed*, maar dit kon nie in die Afrikaans weergegee word meer as die herhaling van die l- in “liefhet” en “leef” nie:

*Bid vir die vrede van Jerusalem:
Mag dié wat jou liefhet, rustig leef.*

Wat egter wel gebeur het, is dat daar in Afrikaans vanself klankpatrone ontstaan het wat deur die vertalers met dankbaarheid as 'n toegif beskou is.

'n Laaste opmerking gaan oor akrostiese gedigte, waar elke opeenvolgende vers, of verse, met die opeenvolgende letter van die alfabet begin. Die bekendste voorbeeld is Psalm 119, waar telkens agt verse met dieselfde letter van die alfabet begin, om so 22 strofes te vorm. Alhoewel hierdie verskynsels tipiese digterlike tegnieke is, kan dit en word dit normaalweg nie in 'n vertaling behou nie, omdat so 'n struktuur op 'n betekenislose klankstelsel, naamlik die alfabet, berus. Dit gee poëties gesproke 'n mooi samehang aan die teks en is 'n elegante toevoeging tot die klankrykheid daarvan, maar die 2020-vertaling van die Bybel, soos die meeste ander betroubare vertalings, is meer gestel op die betekenis en inhoud van die verse as die klankmatige versiering.

Daar is deurgaans daarteen gewaak dat die vertaling iets probeer verklaar. Daar is inderdaad plekke waar tekste dubbelsinnig of liewer meerdudig is. In plaas van om te kies vir een verduidelikende vertaling, is daar gepoog om die oorspronklike bewoording te behou sodat die meerdere metaforiese betekenis moontlikhede in die poësie behoue bly. As daar vir een metaforiese betekenis gekies word en dit word in die vertaling ingeskryf, val al die ander moontlike betekenisse weg terwyl die brontekste dalk doelbewus meerdudig wou wees. Sulke gevalle maak goeie preekstof vir predikante, maar die vertaling hoef en mag meerdudigheid nie uitkanselleer nie. In sulke gevalle is daar ook dikwels van voetnote gebruik gemaak om die lesers bedag te maak op die kompleksere betekenis.

'n Ander interessante saak is dat Hebreeuse poësie baie eenvoudig en direk beeldend is en dat hierdie digstyl baie goed in Afrikaans tuiskom. In Psalm 120:2 sou die vers vertaal kon word met “valse lippe en 'n bedrieglike tong” (vgl. Die Bybel [1953]). Hierdie vertaling se keuse is in werklikheid nader aan die Hebreeuse oorspronklike:

*Here, bevry my van lippe wat lieg
En 'n tong wat bedrieg.*

Die vertaling van die psalms (en ander poëtiese gedeeltes) was veeleisend, maar dit was wonderlike werk en dit was 'n voorreg om daaraan te kon meewerk. Dit is 'n vereiste van goeie vertaling dat al die werk wat daarin gegaan het, nie sigbaar moet wees in die eindproduk nie en die vertalers sou net kon hoop dat die lesers die psalms met vreugde sal kan lees. ^{DK}

Ds. Hendrik du Plessis (Geref. Kerk in Botswana)

Die uniekheid van die Khoesan-tale

Kort historiese agtergrond

In my voorbereiding van katkisasiemateriaal in Naro kom 'n mens weer opnuut onder die indruk hoe uniek en beskrywend die taal kan wees. Naro is 'n "Khóètaal" en nie 'n "Santaaal" nie. Dit word "khwê" uitgespreek. "Khóè" beteken "mens". Sommige skryf dit "khoi". As daar gepraat word van die "Khóè-khóè", word bedoel "mens-mens". Die woord "Khoesan" is dan 'n woord wat die "Khoe-mense" en die "San-mense" onder een sambreel in-trek, verwysende na die gemeenskaplike suigklanke of klapklanke in hulle tale.

Die "Khóè-mense" is hulle met wie Jan van Riebeeck in die Kaap te doen gehad het, maar ook die "San-mense". Die "Khoe-mense" was grotendeels veeboere, maar het ook gejag, terwyl die "San-mense" hoofsaaklik jagters was wat orals oor Suidelike Afrika rondgeswerf en van veldkos en jag gelewe het. Dit was soos Jan van Riebeeck en die vroeë inwoners van die Kaap hulle geken het.

Beide hierdie taalfamilies gebruik "klapklanke" of "suigklanke" om te kommunikeer. Xhosa en Zoeloe het hulle klapklanke van die Khoesan-mense geleen, net

soos baie leenwoorde van Afrikaans en Engels in hulle taal ingesluip het. Oorspronklik het Zoeloe en Xhosa soos al die ander swart tale geen suig- of klapklanke in hulle taal gehad nie. Ondertrouery, toe die Nguni-tale vanaf die noorde in Suider-Afrika aangekom het, het die suigklanke in hulle tale ingebring.

My Zoeloedoesent op Potchefstroom het aan my verduidelik dat wanneer die Khoesan-mense in die verlede van die Xhosas of Zoeloes se beeste gesteel het vir kos, is hulle agternagesit en letterlik gejag. Waar die Xhosas of die Zoeloes dan op hulle vrouens en kinders afgekom het, is dié gevange geneem. So het daar dan 'n ondertrouery plaasgevind en het die klapklanke in die Zoeloe- en Xhosataal ingekom, want die Khoesan-vrouens kon nie Zoeloe of Xhosa praat of verstaan nie. Behalwe natuurlik vir Xhosa en Zoeloe het Suid-Sotho en Tsonga net een suigklank in hulle tale.

Hoe verder 'n mens oos of van die Kaapkolonie af wegbeweeg het, hoe minder word die klapklank- of suigklankinvloed in die Afrikatale, wat vir 'n mens sê dat die Khoesantale meer in die Kaapkolonie in daardie tyd voorgekom het. As 'n mens na Xhosa en Zoeloe luister, hoor jy so nou en dan 'n klapklank (suigklank) in hulle tale, terwyl jy amper nie 'n sin in die Khoesantale kan maak sonder suigklanke nie. Xhosa, wat die naaste aan die Khoesantale was, het dan ook meer suigklanke in sy taal as Zoeloe wat verder geleë was, maar dit is maar 'n druppel in die emmer in vergelyking met die klapklanke in die Khoesantale.

Van 'n taal soos !Xóǀ, hier van Bere, bestaan 80% van al sy woorde uit klapklanke. Net 20% woorde het nie klapklanke nie. Nog iets interressants is dat net 1% van al die tale in die wêreld (oor die 6000) van klapklanke gebruik maak, en die 1% is net in suidelike Afrika.

Die Khoesantale self

Al die Khoe-mense (Khoe en San) is familie van die ou Hottentotte in die Kaap. Hulle tale verskil van mekaar soos die Germaanse tale onder mekaar verskil soos, Duits, Afrikaans, Nederlands, Belgies en Engels, of soos die Romaanse tale onder mekaar verskil soos Frans, Spaans, Portugees, Italiaans, Romeens ensomeer. Hulle stam van dieselfde oertaal af en het later opgebreek in verskillende tale wat aan

Fokus

mekaar verwant is. Net so is die Afrikatale aan mekaar verwant en maak gebruik van dieselfde grammatikale beginsels, maar eeue of duisende jare gelede moes daar 'n oertaal gewees het wat die wetenskaplikes Oerbantoe noem. Uit hierdie oertaal het daar tale ontstaan wat vandag oral in Afrika gepraat word, al verstaan hulle mekaar onderling nie, soos wat 'n Duitser nie Afrikaans en 'n Afrikaner wat nog nooit met Duits in aanraking gekom het, Duits kan verstaan nie, is dit duidelik dat daar 'n gemeenskaplike oorsprong was.

As voorbeeld word vleis in Duits “fleisch” genoem en die Engelse het “flesh” in hulle taal. Omtrent elke Afrikataal in Afrika noem vleis “nama” of “inyama” of “onyama”, en dan is daar woorde wat weer radikaal van mekaar verskil, maar hulle almal deel min of meer dieselfde grammatikale beginsels. So kan 'n Zoeloe glad nie Venda verstaan nie en 'n Venda glad nie Shona of Herero verstaan nie en omgekeerd, maar tog deel hulle dieselfde grammatikale beginsels.

Onder die Khoetale kry jy Nama, !Ora, //ani, Buga, /Ganda, Naro, //Gana, /Gui, #Haba, Shua, Deti, Cara, Cirecire, /Haise, Danisi (of Danasani), Tshoa, Cua, Ciri-Cire en Kua. Dit is alles tale en nie dialekte van mekaar nie. As ons dit dialekte sou wou noem, dan moet ons Afrikaans 'n dialek van Engels of Duits noem.

Die San-tale verskil weer op hulle beurt van die Khoe-tale soos Grieks van Afrikaans verskil. Die verskil is eintlik nog groter, omdat daar tussen Afrikaans en Grieks baie ooreenkomste bestaan, maar tussen die Khoe- en die San-tale is daar afgesien van die klapklanke bitter min ooreenkomste. Alhoewel al hierdie tale van suigklanke of klapklanke gebruik maak, verskil hulle radikaal van mekaar. Hierdie suigklanke is eintlik maar konsonante soos r, p, s, t ensovoorts, wat by die normale alfabet gevoeg word. Afrikaans en Sjinees deel ook baie alfabetletters, maar dit beteken nie hulle kan mekaar verstaan nie.

Onder die San-tale kry jy dan die noordelike San-tale en die suidelike San-tale. Hulle verskil weer van mekaar soos Afrikaans van Frans. Die noordelike San-groepe is die #Hua en die Ju-groepering. Die Ju-groepering bestaan uit Ju/'hoan, !Xun en Kg'au//ei. Die Ju/'hoan is die taal wat in “The gods must be crazy” gepraat word (die film van Jamie Uys). Die suidelike groepe is die Taa en die !Kui-groepering. Onder die Taa-groepering val die !Xóǒ van Bere. Onder die !Kui-groepering val die /Xam-, //Xegui Tshasi- en die #Khomani-groepering. Ongelukkig het die /Xamtaal in 1915 uitgesteef. Die #Khomani is op die punt om uit te sterf. As ek dit nie mis het nie, is daar nog een moedertaalspreker oor. Dit is die laaste San-taal in Suid-Afrika (let wel: in Suid-Afrika en nie suidelike Afrika nie; in suidelike Afrika is daar nog baie San-taalsprekers wat een of ander San-taal as 'n moedertaal het). Later meer oor die San-tale en spesifiek die !Xóǒ (Qgǒo) wat hulle by Bere en verder suid praat.

Hier by ons in D'kar, die plase rondom ons en eintlik in die hele Gantsi-distrik, is die voertaal onder die Boesmans meestal Naro. Die Ju/'hoan- en die !Xóǒsprekers sal as hulle met die Naros in aanraking kom, Naro praat. As hulle nie Naro kan praat nie, praat hulle met mekaar Tswana.

Ju/'hoan en !Xóǒ is beide San-tale, terwyl Naro 'n Khóè-taal is. Baie Naros kan Ju/'hoan praat, maar bitter selde hoor jy 'n Naro wat !Xóǒ praat. Ek het nog net twee raakgeloop wat beide kon praat.

Een van ons kerkraadslede, Xgaiga, wat vlot in Naro en Ju/'hoan is, vertel aan my van sy rare ondervinding een keer in 'n bus op pad Gaborone toe. Hy is 'n baie joviale en spraaksame mens wat lief is vir gesels. Toe gebeur dit dat hy naby Bere tussen 'n groep !Xóǒ-Boesmans moet sit, al die pad Gaborone toe. Wat vir hom die ergste was, sê hy, was dat almal gelag en gesels het en hy nie 'n woord kon hoor of verstaan wat hulle sê nie. As dit die Ju/'hoantaal was (die Boesmantaal van “The gods must be crazy”), sou hy deel kon gehad het in hulle pret en plesier, maar omdat !Xóǒ so radikaal van Ju/'hoantaal verskil, kon hy niks verstaan nie. Dit was vir hom een van sy verveligste oomblikke wat hy nog beleef het tussen mense.

Naro, soos die meeste van die Khóè-tale, het 28 klapklank-kombinasies, Ju/'hoan het 48 en 10 vokale, en !Xóǒ volgens die navorsers van Wikipedia 83 en 31 vokale. Saam met die klapklanke (suigklanke) het die !Xóǒtaal 164 konsonante wat dit die taal met die meeste konsonante in die wêreld maak. Hoewel die Ju/'hoan meer klapklanke het as Naro, beskou baie mense insluitend die Naros dat dit 'n baie maklike taal is. Die woordorde is in baie gevalle dieselfde as Engels of Afrikaans. Wat Naro volgens baie so moeilik maak, is juis sy woordorde.

'n Eenvoudige voorbeeld: *Nc̄aar t̄'ēe a máá nc̄aa tsi x̄q'ae c̄qoa me ta t̄'ēea*. Dit beteken letterlik: *Het ek dink en sê het jy ontmoet met hom gedink*. Wat beteken: *Ek het gedink jy het hom ontmoet*. Dit wat onderstreep is, is die klapklanke in die sin.

Iets anders van die Khòè-tale wat hulle baie ryk maak teenoor die Santale is dat die Khòètale, en dan nou spesifiek Naro, alles sien in terme van manlik, vroulik en onsydig. Elke ding is 'n man, vrou of 'n ding. In die San-tale word alle voornaamwoorde basies as manlik aangedui. Met ander woorde as jy van 'n vrou praat sal jy sê, "hy het geloop" of "hy het dit of dat gedoen." Dit is soos die swart tale, hy en sy is een woord. Daar is nie 'n onderskeid wat die voornaamwoord aanbetref nie, terwyl 'n mens in Naro in detail moet beskryf wie dit is. Voorbeelde:

- Daar is twee woorde vir jy:
 - Jy (as man) is: Tsaa
 - Jy (as vrou) is: Saa
- Daar is woorde vir hy en sy
 - Hy: gabá
 - Sy: gasá
- Daar is ses woorde vir "julle":
 - Julle (twee vrouens): Gasao
 - Julle (twee mans): Gatsao
 - Julle (twee as man en vrou): Gakhao
 - Julle (mans): Gaxao
 - Julle (vrouens): Gasao
 - Julle (mans en vrouens): Gatu
- Daar is ses woorde vir "hulle":
 - Hulle (twee vrouens): Gasara
 - Hulle (twee mans): Gatsara
 - Hulle (twee as man en vrou): Gakhara
 - Hulle (net vrouens): Gazi
 - Hulle (net mans): Gaxu
 - Hulle (mans en vrouens): Gane
- Daar is ses woorde vir "ons":
 - Ons (twee mans): Gatsam
 - Ons (twee vrouens): Gasam
 - Ons (twee as man en vrou): Gakham
 - Ons (net mans): Gaxae
 - Ons (net vrouens): Gase
 - Ons (mans en vrouens): Gatá

Nog 'n unieke verskynsel in die Khòè-tale, en dan in hierdie geval Naro, is hulle eksklusiewe gebruik van die voornaamwoord. Sodra jy 'n "si" vooraan die voornaamwoord plaas, dan sluit jy die persoon met wie jy praat, uit. As ek met jou praat en byvoorbeeld sê, "ons gaan huis toe", en ek gebruik die woord "sitsam", dan sluit ek jou (as man) uit. As jy 'n vrou is en ek 'n man, sal dit "sikhham" wees. Met ander woorde jy gaan dan nie saam nie. Iemand anders is dus deel van die "ons" en nie jy nie.

In Afrikaans, as ek sê "ons gaan huis toe", moet jy eers uitvind of jy deel is van die "ons" of nie. In Afrikaans en so ook in Engels, as jy dit nie

verduidelik nie, kan dit tot baie misverstande lei.

Ek kan nog onthou toe ek op universiteit was, het ek eendag vir Miriam (my vrou) gesê, ons gaan vanmiddag braai. In Afrikaans het ons net een "ons". Die gevolg is Miriam het gedink sy was deel van die "ons". Later toe sy daar aankom en haar gereed gemaak het vir die geleentheid, sou sy tot haar teleurstelling uitvind dit is 'n mannebraai. As ons Naro gepraat het, sou sy onmiddellik gehoor het dat sy nie deel van die "ons" was nie, en sou dit die teleurstelling en misverstand in ons kommunikasie voorkom het.

Een aand hier in D'kar hoor ek mense praat in die donker. Ek vra toe vir hulle: "Wie is julle?" en "Waar gaan julle heen?" "Ons is op pad huis toe," kom dit van die een wat antwoord. Uit die woord wat hulle gebruik het vir "ons", kon ek hoor daar is net vrouens en hulle is meer as twee en daar is nie mans by hulle nie, want anders sou hulle 'n woord gebruik het wat die mans ook ingesluit het, en ek was in die woord "ons" uitgesluit, want hulle het die eksklusiewe vorm van die woord "ons" gebruik: "sise". As daar mans saam met hulle was, sou hulle die woord "sitá" gebruik het, en as hulle my ingesluit het, sou hulle die woord "gatá" gebruik het.

Dit is natuurlik 'n geweldige uitdaging, veral as dit kom by die vertaling van die Bybel en Bybelstudies. As die Here Jesus met sy dissipels is en daar word na "ons" of "hulle" of "julle" verwys, moet jy altyd vir jousef die

Ds. CS Grobler (Fanie)

28 Februarie 1950 – 2 Februarie 2021



In Januarie 1968 het ek in die koshuis Over de Voor ingetrek om my studie aan die PU vir CHO te begin. Uiteraard het 'n mens gewonder wie gaan jou kamermaat wees en hoe gaan julle oor die weg kom. Toe ek die eerste keer in my kamer kom, sien ek 'n klein outjie daar staan, saam met sy ouers, oom Niek en tannie Fransie Grobler, van 'n plaas in die Ermelo-distrik.

Ek het spoedig besef: klein van gestalte, maar groot van hart. Fanie het vertel dat hy in standaard 6 ophou groei het. Toe hy as eerstejaar begin het, was hy in die ou terme so vyf voet, ongeveer 1.5 meter. Hy was die kleinste eerstejaar in ons koshuis, maar het in daardie jaar weer begin groei.

Ons was vanaf 1968-1971 kamermaats in die koshuis en vir sewe jaar lank klasmaats. 'n Beter kamermaat kon 'n mens nie kry nie. Die seniors was nogal bekommerd oor hoe Fanie in die koshuis gaan aanpas en of hy dalk swaar gaan kry omdat hy so klein was. Hy het egter baie makliker in die koshuis aangepas as ek, omdat hy op 'n plaas grootgeword het en vanaf graad 1 in 'n koshuis was.

Fanie was ook baie gewild in die koshuis en het op baie mense 'n indruk gemaak. Leon Wessels, later bekende politikus en lid van die menseregte-kommissie, was ons buurman in die koshuis. Later jare het ek soms vir Leon raakgeloop. Dan sou hy altyd vra: "Hoe gaan dit met Faantjie?" Dit was selfs 30 en meer jaar nadat ons afgestudeer het, maar

Leon het Fanie altyd onthou en oor hom navraag gedoen.

Op verskillende maniere was Fanie in die studentelewe betrokke. Hy was vir 'n termyn die redakteur van *Die Besembos*, 'n jaarblad uitgegee deur Puk-studente. Hy was ook lief vir sport en het selfs 'n termyn gedien as klubkaptein van Over de Voor se rugbyklub.

Hierdie betrokkenheid op 'n breër gebied het ook in sy bediening na vore gekom, by skole en in die gemeenskap, waar hy altyd 'n positiewe bydrae gelewer het.

Nadat ons ons studie aan die Teologiese Skool voltooi het, het Fanie een jaar voltyds verder studeer. Sy M-verhandeling het oor Kategismusprediking gehandel. Prediking was inderdaad vir Fanie die hart van sy bediening.

In 1976 is Fanie as predikant in die Geref. Kerk Vanderbijlpark bevestig, waar hy tot 1983 gedien het. Daarna was hy predikant van die Geref. Kerke Kriel (1983-1989), Vanderbijlpark-Oos (1989-1997) en Stellenbosch (1997-2008).

Toe hy 'n paar jaar in Kriel was, het die Geref. Kerk Vanderbijlpark hom weer beroep. Alhoewel hy nie die beroep aangeneem het nie, wys dit hoe diep hy in die harte van die mense van Vanderbijlpark ingekruip het.

Dit was dus ook nie vreemd dat 'n ander gemeente in Vanderbijlpark hom 'n paar jaar later beroep het nie.

In Vanderbijlpark-Oos het Fanie saam met Peet Vermeulen gewerk. Peet tipeer Fanie as 'n besondere mens, met 'n groot liefde vir die Here. Sy werk vir die Here was vir hom 'n vreugde. Vir Peet was Fanie se uitstaande kenmerke geduld, nederigheid, hulpvaardigheid en humor.

Fanie was iemand wat maklik in 'n span kon saamwerk. Hy was 'n uitmuntende prediker en 'n toegewyde en geliefde herder van die gemeentes waar hy gedien het. Sy fokus was altyd op hierdie dienswerk in die kerk, nooit op homself nie. Selfs ná sy emeritaat het hy op verskillende maniere met dienswerk besig gebly, solank as wat dit weens die agteruitgang in sy gesondheid moontlik was.

van bl. 15 (Khoesan-tale)

vraag afvra watter woord ter sprake is en of daar mans en vrouens of net mans of net vrouens en hoeveel betrokke was. Daarom is die vertaalproses baie uitdagend en interessant.

Hoe hulle tale ontwikkel het deur die eeue, is 'n geheim, maar dat dit 'n unieke taal is wat die Here deur al die eeue bewaar het, daarvoor is daar geen twyfel nie, en 'n wonderwerk, veral vir die feit dat Hy vandag geloof en geprys kan word ook in hierdie tale.

Natuurlik is Hy die groot Argitek van al hierdie tale. Dit plaas Genesis 11 teenoor Handeling 2. In Genesis 11 wou die mens een wees, een taal, een gebou, een ekonomie, ensovoorts. Hulle het hulle eenheid in hulleself en hulle eie trots en grootheidswaan gesoek totdat die Here Self 'n verwarring onder hulle gebring het, want ware eenheid is net moontlik in Christus wat ons dan bring by Handeling 2 waar verskillende mense en verskillende tale met die uitstorting van die Heilige Gees een kon wees in en deur Jesus Christus.

Deur die eeue heen het die Here die "taalverwarring" in stand gehou, sodat alle tale en nasies hulle eenheid in die Een ware God (Vader, Seun, Heilige Gees) kan soek en hulle Hom ondanks die verskeidenheid kan

Fanie is op 4 Januarie 1975 met Susan van der Westhuizen getroud, wat hom getrou in sy bediening bygestaan het. In 2008 moes hy weens swak gesondheid die tuig neerlê. Ook daarna was Susan vir hom 'n steunpilaar, wat hom met groot liefde versorg het. Uit die huwelik is twee kinders gebore. Hulle en sy kleinkinders was altyd vir hom 'n besondere vreugde. Zabeth is met Andre Venter getroud en hulle het twee dogters, Zana (10) en Lia (6). Nico en sy vrou, Christelle, het ook twee dogters, Nicola (10) en Lisa (6). In hulle lewens sal Fanie altyd 'n besondere plek inneem.

Ek en baie ander mense sal hom onthou as 'n vriend, 'n besondere mens en 'n oortuigde en geesdriftige bedienaar van die Woord. Sonder hom sou my en baie ander mense se lewens baie armer gewees het. ^{DK}

loof en prys. Dit is die ware eenheid. In Johannes 17:11 bid die Here Jesus: "... sodat hulle een kan wees net soos Ons."

Ons vra weereens u voorbeding dat die Here vir ons deure sal oopmaak om hierdie mense van die Kalahari se harte aan te spreek in en deur hulle unieke tale.

Geliewe ook ons webblad te besoek by: www.botswanasending.co.za wat meer agtergrond gee oor ons gemeente asook alle nuusflitse vanaf D'kar die afgelope jaar. U geldelike ondersteuning sal ook waardeer word. Die bankbesonderhede is op ons webblad. ^{DK}



Eredienste tydens die inperking

Br. Bart Kooi skryf per e-pos:

Erken ons genoeg die krag van God deur Christus en die werking van God die Heilige Gees?

Net onlangs het een van ons predikante my mooi daarop gewys dat ons nie 'n virtuele erediens hou nie, maar eerder 'n aanlyn-erediens. Nie 'n kamma-kamma erediens nie, maar 'n werklike een. Met byvoorbeeld 'n virtuele oefenprogram kan mens voor jou rekenaarskerm fietsry en jou verbeel jy ry in Frankryk of waar ookal in die wêreld. Dit lyk so, die opdraendes is styl en moeilik, maar jy is nie daar nie en dis nie nou nie. Dit is prentjies wat lyk soos die werklikheid. Aanlyn is anders, dit is die werklikheid en vind plaas soos jy daaraan deelneem. Ons is dalk nie in dieselfde vertrek nie, maar ons is aanlyn met mekaar gekoppel en woon so saam dieselfde werklike erediens by.

Die tyd waarin ons leef

God laat ons leef in 'n tyd waar wonderlike tegnologie en middele tot ons beskikbaar is om te gebruik, om die evangelie te verkondig, om koinonia met God en met mekaar te beoefen. So behoort ons ook hierdie tegnologie te gebruik in die koninkryk van God. Ons kan huisbesoek doen, kleingroepbyeenkomste hou, eredienste hou en pastorale berading doen met aanlyn video en oudio oproepe.

God se werk en ons kerkwees in sy koninkryk hier op aarde mag nie stilstaan nie

Tydens die inperking en verbod op groot samekomste mag God se werk en ons as kerk nie stilstaan nie. Ons moet, op verskillende maniere, voortgaan. Aanlyn-eredienste, aanlyn-huisbesoek, aanlyn-hospitaalbesoek, versorging van die wat in nood is veral ook juis as gevolg van die koronavirus, en so kan die lys aangaan. God gee aan ons die verstand en die middele om te kan voortgaan met sy werk. Ons moet dit ywerig aangryp en gebruik. Ons moet slim wees en aanpas en voortgaan om nuwe maniere van doen te vind todat ons weer fisies bymekaar mag kom. Dit sal seker ook so wees dat ons ná die inperking steeds van ons “nuwe” metodes en uitvindings sal aanwend, bloot omdat dit meer effektief en sinvol is? Hoeveel dagstukkies en videos word tans versprei op sosiale media, ook deur ons eie predikante van die GKSA. Miskien moes dit lankal plaasgevind het en hopelik sal dit ná die inperking steeds voortgaan, ontwikkel en groei. Ons erken ook deur Artikel 28 van die Nederlandse geloofsbelydenis oor die algemene Christelike kerk onder andere die volgende: “... Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.” Nie die inperking of die virus kan dit wegneem nie en die tegnologie maak nuwe deure vir ons oop hiervoor.

Die krag van God en die werking van God die Heilige Gees

Paulus bid vir die gemeente van Efese, so mooi en aangrypend (Ef. 3:19,

20): “Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink ...” Erken ons, ook in die tyd van inperking, God se krag, die krag van God die Heilige Gees? Onderskat ons miskien hoe God se werk voortgaan, hoedat Hy ons aanmekaar bind, hoe ons bymekaar is en mag wees deur die samebinding deur die Heilige Gees? Ons lees in Johannes 4:43-54 van Christus se genesing van die regeringsamptenaar se seun. Die seun was nie by hulle nie, Christus het hom nie aangeraak nie, hom nie in die oë gekyk nie, Hy het net gespreek en die amptenaar het geglo en sy seun is genees. Het ons in hierdie tyd daardie geloof, dat God hier is, in ons midde? Dat Hy ons steeds aanmekaar bind, al is ons nie saam in dieselfde gebou of kamer nie? Dat ons kan voortgaan met sy werk, ook as sy kerk, met groot vrug en in sommige gevalle selfs beter as voorheen?

Eredienste, huisbesoek en ander byeenkomste

Deur gebruik te maak van die tegnologie en middele tot ons beskikbaar, kan ons saam sing, praat, bid, huil en lag en mekaar ondersteun op maniere waaraan ons tot onlangs moontlik nie gedink het nie en heelwat maniere wat ons definitief nie voorheen gebruik het nie. Skielik besef ons dat fisiese teenwoordigheid in mekaar se midde nie noodwendig 'n voorvereiste is vir samekomste, eredienste en God se teenwoordigheid tussen ons nie. Onthou Matteus 18:20: “... want

waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.” Hoeveel te meer waar twee of meer in huise met die hele gemeente aanlyn in sy Naam saam is. Deur God die Heilige Gees in ons en by ons kan ons al die elemente van die erediens beleef. Ons kan die groet- en wegstuurseën sien en beleef, ons kan saam sing, Woordverkondiging ontvang, saam bid, luister na die wet van God, ons geloof bely, getuies wees van die doop van 'n verbondskindjie, getuies wees van aflegging van geloofsbelydenis, nagmaal gebruik.

Alles aanlyn en let wel nie virtueel nie. Gemeenskap van die heiliges, absoluut! Versoek vir spesiale nood en bydraes kan in so 'n aanlyn-erediens deurgegee word, EFT en ander maniere van betaling kan deur elke gemeentelid gemaak word. Liefdegawes, nog 'n element van die erediens, moet nie stop noudat daar nie 'n kollektesakkie is waarin ons die bydrae kan plaas nie. Die ouderlinge kan en behoort toesig te hou deur die aanlyndienste waar te neem en te beoordeel aan die Woord van God. Hulle kan hulle herderlike toesig en leiding van gemeentede doen deur hulle te ken, deur aanlyn-huisbesoeke en opvolg te doen. Die bedieninge van die ouderlinge en diakens moet voortgaan, ook in hierdie tyd van inperking. Indien ons fisiese teenwoordigheid oorbeklemtoon, sien ons dan een of ander magiese krag in die fisiese teenwoordigheid, ontken ons die samesyn deur sy Gees?

Erken ons genoeg die kragtige werking van God, wat deur sy krag in ons werk en magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink? Moet nie hierdie geleentheid laat verbygaan nie, gebruik dit tot sy eer en uitbou van sy koninkryk, reeds hier en nou!

Ons weet: kerkwees is saamwees. Hoe het ons nie na mekaar verlang in die tyd van inperking nie.

Mag die Here gee dat ons spoedig weer in volle getalle “optrek hiervandaan om na die Heer se huis te gaan” (Ps. 122). Maar laat ons Hom ook loof en dank vir die wonderlike maniere waarop ons tog in tye soos hierdie ware koinonia kan beleef.

Rewolusie van die hart

Br. Peet Buys van Potchefstroom skryf:

Na aanleiding van die artikel van dr. Ben du Toit in 'n onlangse uitgawe van *Beeld* met verwysing na sy boek “God – Is daar 'n ander antwoord?” enkele opmerkings:

Dr. Du Toit het dieselfde probleem as Nikodemus. Hierdie wetgeleerde het in die nag na Jesus gekom en gesê: “Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God kom. Want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.” Wie was hierdie man? 'n Skrifgeleerde, uit die Fariseërs en lid van die Sanhedrin - eintlik dr. Nikodemus, geleerde teoloog.

Jesus sien onmiddellik wat die teoloog se probleem is. Hy sê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Nikodemus sien die herstel van Israel as aardse koninkryk, met 'n aardse koning om Israel van die Romeinse heerskappy te verlos, maar Christus wys hom daarop dat dit eintlik 'n *rewolusie van die hart* is. 'n Geestelike wedergeboorte, dit moet begin by die middelpunt, by jou eie hart. Omdat die mense se natuur verdorwe is, kom die antwoord: “Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het julle moet weer gebore word nie” (Joh. 3:7). Ons ellende en verdorwenheid is so groot dat daar geen hoop meer bestaan nie, tensy ons deur die Heilige Gees van God wedergebore word. In Christus word die kwaad oorwin en uitgeskakel, en in Christus word daar 'n nuwe skepsel gebore. Hierdie wedergeboorte deur die Gees verlos ons van die aangebore verdorwenheid om tot 'n geestelike mens vernuut te word. So 'n wedergebore mens het dan 'n nuwe verhouding met God en sy medemens. Die nuwe wedergebore mens sien en verstaan dinge anders. Byvoorbeeld: om na die skepping te kyk, sien ons God se hand in alles. Christus sê (Matt. 6:26): “Kyk na die voëls van die hemel, hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle.” Kyk na die ingenieurswerk van vinke – hoe hy met sy bek die gras vleg soos ons nie met ons hande kan doen nie. As 'n vink sy nes laag oor die water bou, voorspel dit 'n droë jaar, en hoog as dit 'n goeie reënjaar is. Ook die kraaie word gevoed: 'n doodgetrapte meerkat word kos vir die kraaie, want hulle kleintjies roep om kos – God het gehoor. Dr. Du Toit praat van miljoene jare, volgens God se Woord tot en met Christus se geboorte 4000 jaar en na Christus omtrent 2000 jaar. Dr. Du Toit moet onthou dat ons almal uit Adam en Eva gebore is. God het uit een bloed al die nasies van die wêreld gemaak. Met Adam se val in die paradys het die ganse menslike geslag ook geval. Die herstel van die skepping is *alleenlik* moontlik deur die verlossing wat Christus vir ons *uit genade alleen* aan die kruis verwerf het.

(Hierdie brief is ontvang voordat die redakteur in Maart 'n hoofartikel hieroor geskryf het.)

Lief en Leed

DOODSBERIGTE



DS. ALWYN DU PLESSIS, emerituspredikant van GK Stellenbosch, is op 10 Junie 2021 oorlede. Hy was die predikant van GK Steynsburg van 1958-1961, GK Virginia 1961-1964, GK Bellville 1964-1974, GK Potchefstroom-Noord 1974-1987 en GK Stellenbosch 1987-1997.

Prof. Cassie Venter, emeritusprofessor van die TSP, is op 15 Junie 2021 oorlede. Prof. Venter was in lewe die predikant van GK Laeveld van 1965-1968, GK Koster 1968-1972, GK Meyerspark 1972-1981, GK Stellenbosch/Strand 1981-1982, GK Stellenbosch 1982-1985 en professor TSP 1985-2005.



Mev. Lil du Plessis, eggenote van dr. Jansie du Plessis (emerituspredikant van GK Welkom) is op 13 Junie 2021 oorlede.

Mev. Ria de Klerk, weduwee van ds. Bouie de Klerk (GK Klerksdorp-Noord) is op 15 Junie 2021 oorlede.



Innige meegevoel word met die dierbares betuig.

HARTLIKE GELUKWENSE AAN DIE VOLGENDE PREDIKANTE/PROFESSORE MET HULLE VERJAARDAE IN JULIE

- 1 Julie: Ds. P Muzenda (Piniel) – GK Gweru
- 1 Julie: Ds. MD Meijer (Dirk) – GK Bloenburg
- 2 Julie: Ds. AJ Burger (Andries) – GK Pinetown
- 3 Julie: Dr. EJ de Beer (Edmund) – GK Laeveld
- 4 Julie: Ds. SPJ Vermaak (Sollie) – GK Pietermaritzburg
- 4 Julie: Ds. KV Mohotsi (Kabelo) – GK Kanyamazane
- 7 Julie: Ds. AB Zaca (Allison) – GK Mid-Illovo
- 7 Julie: Ds. E Kayayan (Eric) – GK Rietvallei
- 7 Julie: Prof. AL Rheeder (Riaan) – Fakulteit Teologie
- 7 Julie: Ds. PL Mathebula (Lazarus) – GK Bontleng
- 7 Julie: Ds. P Mushayabasa (Paul) – GK Songozwi
- 7 Julie: Ds. WJ Steyn (Willem) – GK Potchefstroom Die Bult
- 8 Julie: Ds. W Brotherton (Werner) – GK Vryheid
- 9 Julie: Dr. EJ Smit (Rassie) – GK Wapadrant
- 9 Julie: Ds. W van den Heever (Werner) – GK Gobabis

- 11 Julie: Ds. OJ Struwig (Ockie) – GK Frankfort
- 11 Julie: Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) – GK Wilropark
- 11 Julie: Ds. JA Linde (Jaco) – GK Witrivier
- 12 Julie: Ds. ED Pelele (Ezekiel) – GK Uitkyk
- 15 Julie: Ds. MM Magome (Mathews) – GK Matsau
- 15 Julie: Prof. DF Muller (Francois) – TSP
- 16 Julie: Ds. JAG Henning (Kosie) – GK Daspoort
- 17 Julie: Ds. AB van der Walt (Braam) – GK Plettenbergbaai/Knysna
- 19 Julie: Ds. C de Beer (Chris) – GK Pretoria-Brooklyn
- 21 Julie: Ds. LP van Jaarsveld (Leon) – GK Brakpan
- 26 Julie: Ds. RA Bain (Ronald) – GK Oranjerivier
- 27 Julie: Dr. PJ Vermeulen (Peet) – GK Wapadrant
- 28 Julie: Ds. HJ Briel (Hennie) – GK Kimberley/Boshof
- 29 Julie: Ds. HC Andersen (Riaan) – GK Rooihuiskraal
- 30 Julie: Dr. VE Mtshayisa (Elliot) – GK Tlokwe Botshabela
- 30 Julie: Ds. LD Myburgh (Daniël) – GK Venterstad
- 31 Julie: Dr. VE d'Assonville (Victor) – GK Postmasburg
- 31 Julie: Ds. GD Oosthuizen (Orrie) – GK Vaalharts

HARTLIKE GELUKWENSE AAN DIE VOLGENDE EMERITI/EMERITUSEGGENOTES/-WEDUWES MET HULLE VERJAARDAE IN JULIE

- 1 Julie: Ds. LM Kruger (Lourens) – GK Uitenhage
- 2 Julie: Mev. AM Scheepers (Anna) (95), weduwee van ds. GP Scheepers (Giepie) – GK Thabazimbi
- 2 Julie: Mev. JJ Nagel (Hanlie), eggenote van ds. CJ Nagel (Cornel) – GK Messina
- 3 Julie: Dr. CJ Malan (Chris) (92) – GK Noordbrug
- 3 Julie: Mev. ES de Vos (Ester) (86), eggenote van ds. W de Vos (Wouter) – GK Potgietersrus
- 4 Julie: Mev. SJ Ras (Susan) (81), weduwee van dr. JL Ras (Jan) – GK Kimberley
- 4 Julie: Ds. SD de Kock (Vasie) – GK Potchefstroom-Suid
- 7 Julie: Mev. MM Pelser (Lila) (86), weduwee van ds. PJ Pelser (Petrus) – GK Brits-Wes
- 7 Julie: Ds. TG Mahure (George) – GK Itsoseng
- 8 Julie: Ds. N Droomer (Nardus) (86) – GK Die Kandelelaar
- 9 Julie: Dr. DJS Steyn (Dick) – GK Benoni
- 9 Julie: Ds. SD Snyman (Danie) – GK Pretoria-Magalieskruin
- 10 Julie: Mev. CH du Plessis (Ina) (84), weduwee van ds. PGW du Plessis (Pieter) – GK Pretoria-Rooiwal
- 10 Julie: Mev. T van der Merwe (Tertia), weduwee van dr. CN van der Merwe (Nico) – GK Klerksdorp
- 10 Julie: Mev. AM van der Walt (Alta), weduwee van ds. PJ van der Walt (Pieter) – GK Witrivier

12 Julie: Mev. WT Coetsee (Wouda) (83), eggenote van ds. DC Coetsee (Chris) – GK Noordrand
 14 Julie: Ds. S Hibbert (Simon) – GK Koster
 16 Julie: Mev. M Meyburgh (Magda) – GK Hennenman/Ventersburg
 17 Julie: Dr. PP Kruger (Paul) (81) – GK Meyerspark
 18 Julie: Mev. PM Wijnbeek (Nelriet), eggenote van ds. DHP Wijnbeek (Dirk) – GK Steynsburg
 21 Julie: Mev. R van Rooy (Regina) (88), eggenote van prof. JA van Rooy (Koos) – TSP
 21 Julie: Mev. AGE van den Berg (Annette), eggenote van ds. PJ van den Berg (Paul) – GK Centurion
 22 Julie: Mev. PJ Vorster (Ronelle), weduwee van ds. SC Vorster (Fanie) – GK Daspoort
 24 Julie: Mev. CMM Minnaar (Trien) (87), weduwee van ds. ASL Minnaar (Fanie) – GK Potchefstroom-Suid
 24 Julie: Dr. SJ van der Walt (Kobus) – GK Bloemfontein-Suid

25 Julie: Mev. AC van der Walt (Ans) (96), weduwee van ds. MW van der Walt (Marthinus) – GK Wonderboompoort
 25 Julie: Prof. JA van Rooy (Koos) (89) – TSP
 25 Julie: Ds. B Companie (Ben) (82) – GK Westdene
 25 Julie: Mev. M Vorster (Tineke) (81), weduwee van ds. N Vorster (Niko) – GK Pretoria-Brooklyn
 26 Julie: Dr. JH van Rooy (Jacoba), eggenote van prof. HF van Rooy (Herrie) – TSP
 28 Julie: Mev. AH van Deventer (Annemarie), weduwee van ds. FJ van Deventer (Frik) – GK Germiston
 30 Julie: Ds. H van Bommel (Henk) – GK Vanderbijlpark Trinitas
 31 Julie: Mev. E Harris (Elaine), eggenote van ds. MP Harris (Pieter) – GK Hoëveld
 31 Julie: Ds. JH Venter (Jan) – GK Bethal

Kerklike administrasie

BEROEPE

Beroepe ontvang

- Ds. PW Smit (Wouter) van GK Vereniging na die CRCA (St. Mary's, Sydney).

Beroepe aanvaar

- Ds. PW Smit (Wouter) van GK Vereniging na die CRCA (St. Mary's, Sydney).

BEVESTIGING



Ds. Peter Hattingh is op 6 Junie 2021 as predikant van GK Vanderbijlpark Trinitas bevestig. Die bevestiging is deur ds. Jan Ehlers van GK Meyerton waargeneem.

Prop. Jaco Linde is op 12 Junie 2021 as predikant van GK Witrivier bevestig. Die bevestiging is deur sy broer, ds. Lohan Linde van GK Pretoria-Wonderboom-Suid en preek deur sy oupa, prof. Koos van Rooy, waargeneem. Ds. Linde het sy intrepreek op Sondag 13 Junie 2021 gelewer.



Prop. Izak van der Westhuizen is op 19 Junie 2021 as predikant van GK Colesberg bevestig. Die bevestiging is



deur ds. Jan Ehlers van GK Meyerton waargeneem.

Ds. Noah Kim is op 27 Junie 2021 as predikant van GK Cachet bevestig. Ds. Kim is na GK Cachet beroep (met finansiële ondersteuning van gemeentes in Suid Korea) met evangelisasie-opdrag vir die Engelsprekende studente op Die Bult en die kampus.



EMERITERING

Ds. Cassie Aucamp van GK Andeon het einde April 2021 geëmeriteer.



VERANDERING IN KONTAKBESONDERHEDE

GK Rietvallei – Emerituspredikant: Dr. Arthur en Sonja Miskin het verhuis na George. Sel. 083 657 4980. E-posadres: miskinza@gmail.com

Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.

E-pos: wymiedup@gksa.co.za

TARIEWE:

Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.

Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto. BTW is ingesluit.

Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.

VAKANSIE EN VERBLYF

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: 12-bed vakansiehuis. Mooi see-uitsig, loopafstand van strand. Alle geriewe. 3 Badkamers, ruim balkon, 9 X 5 meter. TV, mikrogolfoond, ruim ys- en vriesgeriewe. Elrien Sel. 072 820 6948.

UVONGO: LA CRETE SANDS NO. 1. 6-Bed luukse en moderne vakansiewoonstel met 'n 180° see-uitsig en brandersig. Slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; Toesluitmotorhuise; swembad; TV, DSTV en beddegoed ingesluit by prys. Skakel Luzelle by 011 678 5440 of sel 083 326 6329; www.uvongoholidays.co.za

MARGATE: MARLICHT VAKANSIEWOONSTELLE. Aangename, see-uitsig verblyf in goed toegeruste 2-, 3- en 4-slaapkamer selfsorgwoonstelle. TV en linne ingesluit. Gesellige, gesamentlike braai-area langs swembad. Onderdakparkering. Perseel omhein met elektrifisering en afstandbeheerhekke. "AA Highly Recommended PLUS 3 Ster TGCSA" gradering. Skakel kantoorure vir verdere inligting en kleurbrosjure.

Tel. 039 312 1052 of faks 039 317 1870. E-pos: admin@marlicht.co.za Webbladsy: www.marlicht.co.za

AMANZIMTOTI – AFSAAL 602: Ruim 2-slaapkamerwoonstel met see-uitsig. Toegerus vir 6/7 persone. Spesiale aanbiedinge buiteseisoen. Tel. 011 954 5288 of 082 335 7101.

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe.

Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

NATALSE NOORDKUS

LICORNA BEACH, UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS: Volledig gemeubileerde luukse vakansiewoonstelle te huur. Skakel Durban 031 561 2344 of 031 561 2986. Onmiddellik beskikbaar.

BALLITO: The Boulders 103: Luukse selfsorg vakansiewoonstel, 3 slaapkamers, 2 badkamers, 20m vanaf die strand, volle see uitsig, WiFi, DSTV, skottelgoedwasser, wasmasjien en tuimeldroër. Die eenheid word daaglik gediens. Geniet dolfyne, branders en die Noordkus se gesogte weer vir die winter. Kontak Retha by 083 301 7234 of retha0204@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STRAND/BLOUBERG/GORDONSBAAI/STELLENBOSCH/BETTIESBAAI/WATERFRONT/BELLVILLE/KAAPSTAD: Vakansieverhuring van woonstelle, huise heeljaar en Desember! Kontak 083 313 4215 of cosybeach@absamail.co.za

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch.

Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

GLENTANA: Ruim selfsorgwoonstel, baie netjies en volledig toegerus, TV, ens. Slaap 4/6; 80 m vanaf see. Skakel 044 879 1381 of 082 871 5859.

GLENTANA: Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R650 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

PLETTENBERGBAAI: Strandhuis, 5 min. se stap na

hoofstrand. Slaap 9. Minimum 2 nagte. Skakel 021 913 5552 of 084 503 5552.

BELLAIR, BELLVILLE: 2-slaapkamerhuis in baie rustige omgewing (en 'n hanetreetjie van GK Bellville-Oos), te huur vir kort- tot mediumtermyn. Slaap 5/6 persone. Ekstra geriewe: ten volle toegeruste kombuis met wasmasjien, WiFi, DSTV (premium) en privaat geslote agtertuin met oordekte stoep en braaiput. Maandelikse tariewe ook beskikbaar. Vir meer inligting kyk op <https://www.wheretostay.co.za/blackwoodcottage> of skakel gerus, Ingrid 072 573 0667 of 021 910 2260 / ingridkl@iafrica.com

OOSKAAP

GRAAFF-REINET: KADASH GASTEHUIS op die plaas Damesfontein. Moeg van die gejaag? Ons bied u: rus en vrede, 'n gerieflike gastehuis, kaggelvuur-aande, plaasmuseum, fossiele, bossiepad, wandelpaai ... Karoostilte. U is baie welkom! Kontak Marguerite by tel/faks 049 845 0253, sel 082 4130 579. Webbladsy: www.kadash.co.za

Naby Haga Haga/ Oos-London: 16 Chalets beskikbaar in veilige afgeleë privaat natuurreservaat, stap see toe, strandmeer. 6-Slaper, 2-slaapkamer, badkamer en toegeruste kombuis. In Aprilvakansie is chalets R900 of R1000 per nag. Buiteseisoen tariewe ook beskikbaar. Pragtige kampterrein met 63 staanplekke met groot skoon ablusieblok. Strand is absoluut veilig, ideaal vir aandvisvang. Facebookblad: @Bosbokstrand. Skakel Lorna by 043 841 1644 of SMS 082 951 4747.

KAROO

COLESBERG: KAROO HUISE. Oornag in gerestoureerde dorpshuise, nasionale gedenkwaardighede met antieke meubels. Die gerieflike huisies is selfsorgeenhede, geleë in 'n stil straat. TV, braaigeriewe en veilige parkeering. Restaurante binne loopafstand. Kontak T Vorster 051 753 0582; e-pos: hvzvorster@absamail.co.za; web: www.karoohuise.co.za

COLESBERG: OUDE HOSTEL. Luukse kamers met privaat badkamer en TV. Billike prys, veilige parkeering, swembad. Tel. 051 753 0131.

COLESBERG: GUINEA-FOWL GASTEHUIS. Geleë in stil omgewing, weg van hoofstraat, veilige parkeering op die erf. Alle kamers het eie buitedeur en eie badkamer.

TV in gesamentlike sitkamer vir gaste. Billike tariewe. Stapafstand van eetplekke. Koffie- en teegeriewe in elke kamer. Skakel Jan en Louise Augustyn by tel/faks 051 753 0197 of 082 899 3964.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

SABAAN VAKANSIE-OORD: is geleë op 'n subtropiese plaas in die Sabie-riviervallei, sentraal en net 35 km vanaf die Kruger Nasionale Park en die asemrowende mooi panorama-roete (bv. God's Window, watervalle en vele meer). 22 gerieflike, toegeruste selfsorgeenhede elk met 'n privaat braai-area en parkeerplek. Slaap in totaal 135 gaste, wat ideaal is vir skoolgroepe / kerkgroepe & funksies. Spyseniering op aanvraag. Skakel gerus 071 545 0155 / 061 477 8339.

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkeering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

BLOEMFONTEIN: Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkeering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

ALLERLEI

OPMETINGSINSTRUMENTE: Bukswaterpasse (automatic levels), teodoliete, meetwiele, laser vir konstruksie, RTK, GPS, Total Stations. Protea Geomatics: Tel. 011 976 2070. Sel 083 259 8931 of 083 265 7272. E-pos: sales@protsurv.co.za

BINDWERK: Flink bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

BOEKE deur prof. VE d'Assonville:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard aflewingsfooi van R100 word gehê vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.

Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.

Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

Dit is Totius (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

Bloedrivier (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Die Groot Diamantroof (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

Die Van der Merwes van Middendeel (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

Generaal de Wet in die Vredesfortkoepel (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

Kruger en Rhodes (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

Majuba (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Op die Bodem van die Vaaldam (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevang- en konsentrasiekampe en die

Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

"O Vaalrivier... Broederstroom!" (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

Totius se Oorlogsdagboek (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

Calvyn verdedig sy stad (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

Die boek Openbaring (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

The Book of Revelation (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

Die koms van Christus en die Antichris (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

Die Psalms sing van Christus ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

Gereformeerde Doopsformulier (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

Bakens vir die Kerkgeskiedenis (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

Kerk op die Wit Hooglande ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

Eugène Marais en die Waterberge (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100




JAN HARM STEENKAMP

B.Pharm. PSGT


Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

Ons ondersteun graag Die Kerkblad

BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




R100.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R160.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R8.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R70.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

PretoriaFM se volgende
gesprek met die redakteur van
Die Kerkblad vind DV plaas
op **Sondag 18 Julie 2021** om
07:45. U kan na PretoriaFM
luister op 104.2 / 106.6 MHz; of
TV-oudiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan
Die Kerkblad:
Posbus 20008, Noordbrug 2522;
faks 018 293 1042
E-pos: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)
callie.coetzee@nwu.ac.za (redakteur)**



RESIDENTIA
Wilgerus Senior
Leefstylsentrum

VAN BOS TOT STRAND, MET
14 SENIOR LEEFSTYLSENTRUMS
REGOOR DIE LAND!

WWW.RESIDENTIA.CO.ZA

ONTDEK *Residentia* WILGERUS

In die goed ontwikkelde plaasdrorp
Frankfort aan die oewer van die
Wilgerivier in die Vrystaat

Hier voel mens tuis!

DIE PLATTELAND

As jy wakker word met die vêrlangse gekraai van 'n haan en 'n hond wat blaf as hy sy baas groet, weet jy, dit is die platteland. Min dinge is so lekker as om kormervry in die oggendson rondom die geboue op 'n netjiese paadjie te stap vir 'n bietjie oefening met vars lug in jou longe. Die 24-uur sekuriteitsdiens verseker jou veiligheid op die omheinde terrein van Wilgerus. Binne die geboue word jy verwelkom deur vriendelike personeel, lieflike kamers, pragtige dekor en gesellige kuier vertrekke. Op die groot sonstoep kan jy buite ontspan met 'n pragtige uitsig oor die platteland.

ONS VERSORG

Wilgerus is ingerig vir die semi- en totaal afhanklikeversorgings behoeftiges. Die versorging sluit 'n gebalanseerde spyskaart met heerlike etes, drinkgoed, skoonmaakdienste, 'n wassery, wifi en DSTV skakeling vir elke kamer in. Vir diegene wat nog onafhanklik is, is daar verskillende woonstel opsies met skakeling na die eetsaal en ander dienste van versorging. Daar is ook afdakke/motorhuise beskikbaar en plaaslike apteke en besighede lewer bestellings gratis by Wilgerus af. Wilgerus is die plek waar jou hart vrede kan vind en jy jou lewe met vreugde kan vul omdat jou versorging vir ons belangrik is!



058 813 3567
wilgerus@residentia.co.za

Residentia is trots op sy Gereformeerde geskiedenis en ten spyte daarvan dat enige persoon wat ons waardes ondersteun kan inwoon, bied Residentia steeds 'n tuiste vir baie Gereformeerde lidmate. Residentia Wilgerus word ondersteun deur die aktiewe Plaaslike Gereformeerde Gemeente.

  
[/ResidentiaCares](https://www.facebook.com/ResidentiaCares)